# POLITIEKE OORTUIGING OF OPPORTUNISME? GENERAAL JAN KEMP EN DIE NAAMSVERANDERING VAN ROBERTS HEIGHTS NA VOORTREKKERHOOGTE

**Johan Ligthelm en Leo Barnard***

***Summary***

*At present place names in South Africa are changed overnight without real opposition. It is rather a matter of reconciliation and the outcry for an exclusive ideology. In 1938 it was a bird of a different feather and such an event caused a great upheavel in the South African political arena. Acting as Minister of Defence during the absence of Oswald Pirow, Jan Kemp, without the knowledge of the Prime Minister, General JBM Hertzog, and the Cabinet announced on 16 December 1938 that Roberts Heights' name would be changed to Voortrekkerhoogte. As one can expect political repercussions came to the fore. On the one side Kemp's actions placed Hertzog in a dilemma, because if he overruled Kemp, he would have to resign and Africaner emotions would crop up. On the other side a cabinet crisis loomed amongst the South African Party members in the cabinet. A storm also arose in the English press and became so hectic that Hertzog had to step in to calm emotions. For the Afrikaner and its press the incident became a moral victory, seen against the background of British supremacy in the past.*

## 1. INLEIDING

Min mense het geglo dat genl. Jan Kemp oor die vermoë beskik het om eiehandig so 'n ingrypende stap te neem as om die naam van die bekende Roberts Heights in Pretoria na Voortrekkerhoogte te verander. En dit terwyl hy slegs die waarnemende Minister van Verdediging was!

Hierdie artikel betoog dat Kemp uit innerlike politieke oortuiging 'n radikale koers-verandering in 1938 ten opsigte van naamgewing ingeslaan het. Dit wil byna voorkom asof hy nie sy kans kon afwag om selfs in tydelike hoedanigheid as verantwoordelike minister die stap te neem nie. Soos uit die teks sal blyk, kom die outeurs dan tot die gevolgtrekking dat die berg 'n muis gebaar het en dat die

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

politieke gevolge geen noemenswaardige rimpelinge in die Suid-Afrikaanse politiek veroorsaak het nie.

Die eertydse militêre offisier tydens die Anglo-Boereoorlog, en latere rebelleleier in 1914, het 'n belangrike rol gespeel in die politieke geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika. Hy was vanaf 1924 tot 1939 'n minister in die Uniekabinet, eers in die Paktregering en later as lid van die Suid-Afrikaanse Verenigde Party.

Hy het in sekere opsigte 'n politieke karakterverandering ondergaan. Waar hy in 1915 slegs bekend was vir sy militêre prestasie, het hy later in 'n toenemende mate in politieke statuur gegroei, hoofsaaklik te danke aan die ministeriële en party-leidingportefeuljes wat hy behartig het. As gevolg van sy politieke ervaring kon hy met gesag optree - niemand sou later sy statuur en ondervinding kon bevraagteken nie.[1] Kemp se "politieke erflating" was baie groter as sy "rebel-erflating". Sy "rebel wees" was eerder geleë in sy karakter - sy geestelike en oratoriese optrede was duidelik voorbeelde daarvan. Hy het die vermoë besit om mense geestelik aan te raak. Hy het sy toesprake hoofsaaklik self geskryf en op 'n besielende wyse aangebied. Hy was 'n gebore "vegter" en het niks gelate aanvaar nie. Dit is die kenmerke van 'n politikus. **The Star** van 10 Februarie 1925 karakteriseer Kemp soos volg: ".....a fighting speaker carrying a whirlwind warfare into the opposite camp." [2] Hy het 'n dryfkrag en energie besit wat deur min van sy politieke kollegas geëwenaar kon word.

Jan Kemp was by uitstek 'n politieke leier wat gestry het vir die verwesenliking van sy hoogste volksideale; hy het 'n onwrikbare geloof geopenbaar wat altyd as 'n frisse inspirasie gekom het. Die politieke stryd wat hy gestry het, was in belang van diegene wat hy verteenwoordig het. "Stryd" was deel van sy lewe as soldaat, rebel en politikus. Hy het bewys gelewer dat 'n rebel ook 'n goeie politikus kon wees - 'n besonder goeie een daarby! Aan die ander kant kan 'n politieke leier ook 'n rebel wees - Kemp sou as rebel-politikus sterf. Op 31 Desember 1946 het hy dan ook die stryd teen die dood finaal verloor en sterf hy trou aan sy lewensfilosofie en optrede: "Ek vrees nie...." In 1938 sou hy dieselfde gesindheid openbaar toe hy die naam Roberts Heights na Voortrekkerhoogte verander het.

## 2. DIE VOORTREKKERMONUMENT

Tydens die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigínge (FAK) se kongres in Bloemfontein op 4 April 1931, het die ideaal om 'n monument ter ere van die

1 **Die Transvaler**, 5 Januarie 1939. Die berig lui dat genl. Kemp se teenwoordigheid dringend in Pretoria vereis word om die veldtog van die Verenigde Party te versterk en rigting daaraan te gee.

2 **The Star**, 19 Februarie 1925.

Voortrekkers op te rig, vorm gekry toe 'n SVK gestig is. Aangesien die Hertzogregering van oordeel was dat hy ook aan die verrigtinge deel moes hê, het hy ná onderhandelinge met die SVK op 13 Desember 1935, aangekondig dat hy die finale seggenskap oor die aangeleentheid sou uitoefen, terwyl die SVK vir die reëlings verantwoordelik sou wees.[3] Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument sou deel wees van die Voortrekkereeufees, wat in 1938 sou plaasvind. Adv. EG Jansen, Speaker van die Volksraad, het as voorsitter van die eeufeeskomitee opgetree. Hierdeur wou die regering 'n politieke kleur aan die feesviering gee. Politieke onrus het spoedig na vore getree toe **Die Transvaler** op 31 Januarie 1938 die betrokkenheid van die regering gekritiseer het, aangesien die vrees bestaan het dat hy met sy seggenskap oor die opstel van die program van die feesverrigtinge die Goewerneur-generaal sou betrek, wat op sy beurt weer die speel van "God save the King" sou noodsaak.[4] Die koerant het gevolglik versoek dat die program voor die 1938-algemene verkiesing bekend gemaak moes word. Die regering se aanbod om die projek op 'n pond-vir-pond-basis te finansier, het sy houvas op die verrigtinge verstewig.[5]

Tydens die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging se kongres te Hartenbosch enkele jare later (April 1937), het Henning Klopper die gedagte van 'n ossewatrek vanaf Hartenbosch na Pretoria as voorstel ingedien. Die voorstel is aan die Sentrale Volksmonumentekomitee vir oorweging voorgelê. Hulle was geesdriftig daaroor en het die voorstel aanvaar. Die tema van die trek sou, na aanleiding van CJ Langenhoven se boek oor die hoogtepunt van die geskiedenis van Suid-Afrika, onder die vaandel van "Die pad van Suid-Afrika" staan.[6]

Volgens Pieter Coetzer en Henk le Roux was "Die eeufees 'n luisterryke fees wat 'n vlammende Afrikaner-nasionalisme, met die republikeinse ideaal as grondslag, tot gevolg gehad het."[7]

Vir 'n oomblik het die Afrikaners aan beide kante van die politieke sfeer, regeringspolitici en eertydse republikeine wat die republikeinse ideaal afgesweer het, weer saamgepraat. Afrikaner - Smelter en Gesuiwerde - het albei die sweep hoor klap. "Die waspoor word die snaar wat almal wat bymekaar hoort onweerstaanbaar na mekaar toe trek."[8]

3 JL Basson, **Die politieke loopbaan van adv. JG Strijdom, 1929-1948** (Pretoria, 1980), p. 234.
4 **Ibid**.
5 P Kapp, "Die Voortrekkereeufees van 1938 - 1: 'n Volk kom in beweging", **Die Taalgenoot**, November 1967, pp. 11-2.
6 AG Visser, "Die voorgeskiedenis van die trek van 1938", **Gedenkboek van die Ossewatrek, 1838-1938** (Johannesburg, 1939), pp. 38-9.
7 PW Coetzer en JH le Roux, **Die Nasionale Party**, Deel 4 (Bloemfontein, 1986), p. 211.
8 Dirk en Johanna de Villiers, **Paul Sauer** (Kaapstad, 1977), p. 61.

Vanaf 1934 is Kemp, as minister binne die Verenigde Party (VP), dikwels beskuldig van mantelswaaiery en sy anti-republikeinse uitsprake het groot ontevredenheid onder die nasionalistiese Afrikaners veroorsaak. Selfs sy vergoeiliking van genl. Jan Smuts, vir wie hy sedert die Rebellie geen ooghare gehad het nie, het agterdog gewek.[9] Jan Smuts het Kemp se republikeinse verwysings as lid van die Verenigde Party as 'n grap afgemaak.[10]

Partylojaliteit en -hegtheid was beginsels wat Kemp voorop gestel het. Wanneer hy sy lojaliteit aan 'n politieke leier of party gegee en die politieke eienaarskap daarvan sy eie gemaak het, was daar niks wat hom van die weg sou laat afwyk nie. Met die mag van sy persoon, pen en tong sou hy die saak waarvoor hy gestaan het, vergoeilik. In die proses het hy soms politieke "pakslae" op die lyf geloop, maar getrou aan sy onwrikbare karakter het hy voortgegaan om sy politieke oortuigings uit te lewe.

## 3. VOORTREKKERHOOGTE

Lord Roberts, bevelvoerder van die Britse troepe tydens die Anglo-Boereoorlog, het Pretoria op 5 Junie 1900 beset. Die Britse troepe was aanvanklik in 'n laer in Pretoria-Wes saamgetrek, maar spoedig was die terrein te klein; gevolglik is besluit om na die hoogliggende terrein agt kilometer suidwes van Pretoria te verskuif.[11] Die terrein is na lord Roberts vernoem, naamlik "Roberts Heights". Dit was aanvanklik 'n tentdorp, maar in 1902 is die eerste permanente geboue opgerig. Dit het ontwikkel tot die setel van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag.

Die gebeure rondom die Voortrekkermonument in 1938 het "Roberts Heights" se naam weer na vore gebring. Die naam van die weermagsetel het vir die nasionalistiese Afrikaner die onderdrukking van die Britse gesag laat herleef en die naamsverandering van die gebied was onder bespreking.[12]

Reeds in Junie 1933 het Kemp hom in die buitengewone posisie bevind dat hy vir die eerste keer sedert 1924 sy geliefkoosde portefeulje, naamlik Verdediging, onder sy beheer gehad het. As waarnemende Minister van Verdediging, in die plek van Oswald Pirow, moes hy op daardie tydstip net soveel kritiek verduur as in sy eie

9 **Die Burger**, 20 Junie 1934; JCG Kempversameling, band 8, 'n koerantknipsel van 1939 meld: "General Kemp, apparently subscribes wholeheartedly to the principle of a republic form of government, but differs radically as to the method. To his mind, there is only one way to get a republic in South Africa, and that is for Republicans to form a united front within the United Party".

10 **Die Burger**, 20 Januarie 1937.

11 JCD Lambrecht, Voortrekkerhoogte. 'n Geskiedkundige oorsig, **Pretoriana**, 1960, p.107.

12 **Die Vaderland**, 6 Januarie 1939.

pos van Landbou.[13] In 1938, gedurende die feesvieringe van die Ossewatrek by Monumentkoppie, het Kemp weer waargeneem as Minister van Verdediging tydens Pirow se buitelandse reis.

Die Verdedigingsmag is ook betrek by die eeufeesvieringe van 1938. 'n Lugmag-demonstrasie is vir 15 Desember 1938 op die sportterrein van die Voortrekker-monument beplan.[14] Op die middag van 16 Desember 1938 is die eeufeesvieringe op indrukwekkende wyse na Pretoria-stad verplaas, waar Kemp, in sy hoedanigheid as waarnemende Minister van Verdediging, kranse op die grafte van die Voortrekkerleiers Andries Pretorius en Hendrik Potgieter gelê het.[15]

Gedurende die oggend van 15 Desember 1938 het Kemp met die Hoof van die Generale Staf van die Verdedigingsmag, genl. Pierre van Ryneveld,[16] 'n gesprek gevoer oor die herdopery van die Verdedigingshoofkwartier, Robertshoogte, na Voortrekkerhoogte.[17] Volgens Kemp het hy ook verskeie ander offisiere oor die beoogde naamsverandering genader en sodoende was hy verseker van 75 persent van die offisiere van die Verdedigingsmag se steun.[18]

Adv. AH Broeksma, die Sekretaris van Verdediging, is ook deur Kemp oor die saak ingelig. Hy het Kemp ondersteun en hulle het eenstemmigheid bereik oor die politieke gevolge van die stap. Kemp het gevolglik aan hom sekere punte genoem en hom versoek om 'n kort toespraak op te stel, waarin hy die namiddag die naamsverandering sou aankondig.[19]

Kemp het ook sy vrou ingelig oor sy voorneme en aan haar gesê dat hy moontlik, as gevolg van die optrede, uit die Kabinet geskop sou word. Haar antwoord aan hom was: "As hulle jou daarvoor gaan uitskop, dan gaan ek dadelik inpak!" Kemp stel dit duidelik dat indien daar nog enige twyfel in sy gemoed oor die saak was, dan was dit met die woorde van sy vrou aan hom, uit die weg geruim.

---

13 **JCG Kempversameling**, band 13, Koerantknipsel, 21 Junie 1933.

14 D Mostert (opsteller), **Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika** (Kaapstad, 1940), p. 776.

15 **Ibid**., p. 787.

16 CJ Nöthling en EM Meyers, "Leiers deur die jare (1912-1982)", **Militaria** 12(2), 1982, Gedenkuitgawe, p.98.

17 DJ Potgieter (red.), **Standard Encylopaedia of Southern Africa**, Volume 11 (Johannesburg, 1975), p. 283.

18 JCG Kemp, **Pad van die Veroweraar** (Kaapstad, 1942), pp. 420-1; S du Preez beweer in 'n artikel, "Voortrekkerhoogte 90 jaar oud", **Militaria** 19(1) van 1989, dat op 15 Desember 1938, die vooraand van 1938 se Geloftedag, tydens 'n menasieaand by die Militêre Kollege aangekondig is dat Roberts Heights se naam na Voortrekkerhoogte verander word. Verder meld sy dat volgens kommandant-generaal Klopper, die naamsverandering op aanbeveling van die plaaslike bevelvoerder geskied het. As bronneverwysing gebruik sy FJ du Toit Spies, **Pretoria 1855-1955** (Pretoria, 1955), p. 107.

19 Kemp, pp. 420-1.

Deur bemiddeling van Broeksma is aan die Uitsaaikorporasie laat weet dat hulle reëlings moes tref vir 'n belangrike aankondiging wat die minister die middag sou maak.[20] Kemp meld dat toe hy die middag in die feestent by Monumentkoppie na die verhoog stap om die aankondiging te maak, daar heelwat roering onder die skare was, "en moes ek heelwat smadelike aanmerkings oor my persoon, my baardloosheid en my politieke karakter aanhoor".[21] Terwyl hy besig was met sy toespraak, was die gehoor maar bra rumoerig. Hy het onder meer gesê dat Robertshoogte in die verlede soms 'n twisappel was onder die volk en dat Robertshoogte misverstaan is. In sy toespraak het hy gemeld dat dit tyd geword om alle onnodige misverstande uit die weg te ruim, aangesien die Departement van Verdediging en die Unieverdedigingsmagte 'n onafskeidbare deel van die Afrikaner was. Hy het gesê dat die hoof van die Generale Staf van die Verdedigingsmag, genl. Pierre van Ryneveld, met die heelhartige ondersteuning van die offisiere van die Staande Mag, by hom as waarnemende Minister van Verdediging aanbeveel het "dat voortaan Robertshoogte as Voortrekkerhoogte bekend sou staan. .....Ek weet u sal dit aanneem in die gees waarin dit gedoen word - in die gees van heelhartige toewyding by vernuwing aan die groot en merkwaardige Suid-Afrikaanse nasie wat in hierdie dae in wording gekom het. ....Die Volksmonument is naby Voortrekkerhoogte...."[22]

Kemp meld dat in daardie stadium van sy toespraak so 'n oorverdowende gejuig opgestyg het dat hy die mense wat vroeër op hom geskel en met hom geraas het, vergewe het. Hierdie optrede van Kemp moet gesien word teen die agtergrond van sy siening dat die Verenigde Party alle Suid-Afrikaners verenig het tot een nasie. Op 15 Junie 1939 het Kemp in 'n onderhoud met **Die Suiderstem** verklaar: "Ons het tydens hierdie sitting opnuut met rasseskrede gevorder op die pad van nasionale volksbou."[23]

Die verwagte politieke gevolge het nie uitgebly nie. Dit kan aanvaar word dat die skielike onverwagte aankondiging vir Hertzog onverhoeds betrap het. Volgens Leslie Blackwell was die optrede van Kemp vir Hertzog 'n dilemma, want indien hy Kemp se voorstel verwerp het, sou laasgenoemde bedank en die Afrikaner se gevoelens gekrenk gewees het.[24] Binne die VP was die verskille in visie oor nasieskap in Suid-Afrika merkbaar. Daar was 'n verdeelde lojaliteit tussen Brittanje en die Unie wat uiting gevind het in die houding ten opsigte van 'n

20 **Ibid**.

21 **Ibid**., pp. 421-2; Coetzer en Le Roux, p. 220, meld dat Kemp in die Piet Retief-laer op 15 Desember 1938 die naamsverandering aangekondig het.

22 Kemp, pp. 422-3; John Fisher, **The Afrikaners** (Londen, 1969), p. 284.

23 **Die Suiderstem**, 15 Junie 1939.

24 L Blackwell, **Farewell to Parliament** (Pietermaritzburg, 1946), p. 42.

amptelike volkslied, die landsvlag en die herdoop van Roberts Heights na Voortrekkerhoogte.[25]

Volgens Kemp het hy die daaropvolgende Maandagoggend Hertzog gaan spreek en het die Eerste Minister sy optrede goedgekeur.[26] APJ Fourie, Minister in die VP-kabinet vanaf 1933 tot 1939, het ook vir Hertzog gaan spreek en hom versoek om die naamsverandering ook op die spoorwegstasie in die gebied van toepassing te maak. Volgens Kemp het die Eerste Minister die versoek goedgekeur.[27]

DW Krüger skrywe: "On the whole the festivities of 1938 unconsciously weakened the foundation of the United Party, for they provided a national opportunity of preaching a unity which was different from that achieved by Hertzog and Smuts. It even prepared the way for a reapprochement between the followers of Malan and Hertzog."[28] Voorts meld hy dat die naamsverandering byna 'n kabinetskrisis veroorsaak het weens die ontevredenheid van voormalige Suid-Afrikaanse Partylede in die Kabinet. Hertzog het daarvoor vergoed deur die poskantoor toe te laat om die ou naam te behou. Dit het geskied met Kemp se goedkeuring.[29]

Die **Pretoria News** berig op 17 Desember 1938 dat die 1938-ossewatrek soos 'n groot vloed oor Pretoria gespoel en sy merk gelaat het. "Church Square" is nie meer daar nie, "Market Street" is weg, die tweetalige engel "Andries" is toegepas en nou het Kemp, die waarnemende Minister van Verdediging, Robertshoogte vernoem. Die koerant het nie daarmee fout gevind nie, maar tog 'n waarskuwing gerig, aangesien gevoelens seergemaak kon wees en ongeregtigheid kon plaasvind. Die koerant was nie blind vir die goeie bedoeling van Kemp en sy kollegas nie.[30] Die volgende dag, 18 Desember 1938, berig die **Sunday Times** dat daar geen Engelse alternatief vir Voortrekkerhoogte sou wees, soos in die geval van "Roberts Heights" - "Robertshoogte" nie.[31] Die **Rand Daily Mail** van 19 Desember 1938 het in 'n berig gevra waarom daar nie 'n Engelse ekwivalent vir Voortrekkerhoogte kon wees nie. Die koerant was bewus van 'n regeringskommissie se besluit om nie Engelse en Afrikaanse name om die helfte saam te voeg nie en stel voor dat "Trekker Heights" 'n gepaste Engelse weergawe sou wees en dat dit die Engelssprekende in ag sou

25 FA van Jaarsveld, **Van Van Riebeeck tot P.W. Botha** (Johannesburg, 1982), p. 285.
26 Kemp, p. 423. Kemp het 'n ongekende lojaliteit teenoor Hertzog openbaar. Tydens samesmelting het hy hom by Hertzog geskaar, terwyl die vlam van republikanisme en nasionalisme hoog in sy hart gevlam het. Terselfdertyd het hy 'n afkeur in Smuts gehad, wat strek vanaf die Rebellie en die Paktregering toe hy hom gereeld in die Volksraad en in toesprake afgetakel het.
27 **Ibid**.
28 DW Krüger, **The making of a nation; a history of the Union of South Africa, 1919-1961** (Johannesburg, 1969), p. 192.
29 **Ibid**.
30 Hertzog-versameling, band 107. Berig **Pretoria News**, 17 Desember 1938; **The Star**, 19 Desember 1938.
31 **Sunday Times**, 18 Desember 1938.

neem.[32] Voorts berig die koerant op 21 Desember 1938 dat daar 'n steeds groeiende protes in Pretoria was teen die naamsverandering. Die berig meld bo en behalwe protesaksies deur individuele Engelssprekendes, dat verskeie Britse patriotiese liggame beswaar aangeteken en protesoptredes beoog het. Laasgenoemde sou in die vorm van 'n openbare vergadering of gesamentlike afvaardiging na Pirow wees, sodra hy na Pretoria teruggekeer het. Volgens die berig voel die organisasies dat 'n kompromie nog bereik sou kon word, deur Robertshoogte se naam te behou en die koppies rondom die Voortrekkermonument Voortrekkerhoogte te noem. Dit sou daartoe bydra om die Engelse sentiment te respekteer.[33]

Die Minister van Verdediging, Pirow, het met sy terugkeer vanaf die buiteland Kemp se optrede goedgekeur. "This change covers all military activities and rail facilities attached thereto. In view of the suggestion that this was a slight to Englishspeaking South Africans, it is emphasised - (i) that the change was effected as a result of representations by Senior Officers of the Defence Department who felt that the military establishment at the Heights was anxious to do homage to the memory of the Voortrekkers; (ii) that the name Roberts Heights is being retained by the Department of Post, Telegraphs and Telephones and by the Broadcasting Corporation",[34] het hy verklaar.

Op 19 Desember 1938 het **The Star** die naamsverandering soos volg beskryf: "To rename the place is unhistorical as well as unnecessary and ungracious. It has no associations and had no direct connection with the celebration..."[35] 'n Deputasie bestaande uit Engelssprekende parlementslede en oud-Engelse offisiere het Hertzog gespreek, hul misnoeë met die naamsverandering uitgespreek en probeer om die saak ongedaan te maak. Gevolglik het Hertzog vir Pirow, CF Clarkson, Minister van Pos en Telegraafwese en Kemp versoek om by die gesprekvoering teenwoordig te wees. Dit is vanselfsprekend dat die deputasie heftig teen Kemp se optrede sou protesteer. Hertzog het die saak op 'n baie taktvolle wyse hanteer en sy goedkeuring aan Kemp se optrede gegee.[36]

'n Engelssprekende van Johannesburg het egter sy eie verklaring vir Kemp se optrede gehad: "When you rechristined 'Roberts Heights' to that horrible name 'Voortrekkerhoogte' were you drunk or near drunk? There is a saying that when a man is drunk he is seen in his true colours! So is it with you. You have seen fit to stab the Britisher in this country in the back? Don't forget there may be a reaction to

32 **Rand Daily Mail**, 19 Desember 1938.
33 **Ibid**., 21 Desember 1938. Die berig meld nie watter Britse patriotiese liggame nie.
34 Hertzog-versameling, ongedateerde stuk, opskrif "Voortrekkerhoogte-Roberts Heights"; **Die Transvaler**, 4 Januarie 1939.
35 **The Star**, 19 Desember 1938.
36 Kemp, pp. 423-4.

the change if it does take place!..... You must not forget that the Dutch Nationalists are a stupid lot, uncultered and ignorant of the ways of the world with the 'worm in the brain' Dr. Malan at their head ....Is that the type of Afrikaners who in time will rule this country? God forbid!!!!"[37]

**Die Transvaler** van 22 Desember 1938 berig dat "Die Stem van Suid-Afrika" ook ingesleep is by die politieke woelinge rondom die naamsverandering, en in sommige berigte is spyt daaroor uitgespreek dat "Die Stem van Suid-Afrika" as enigste volkslied aan die hand gedoen is. As die Engelssprekendes die Afrikaner tegemoet moet kom deur "Die Stem" te eerbiedig, behoort Afrikaanssprekendes terselfdertyd ook "God Save the King" eerbied te betoon,[38] was die verweer. Die **Diamond Fields Advertiser** van 23 Desember 1938 berig dat die Departement van Verdediging, gedurende Pirow se afwesigheid, "'n dom stuk takt" toegepas het. Volgens die berig kon die gedagtelose naamsverandering van Robertshoogte vergelyk word met die afbreking van die standbeeld van die mees geliefde soldaat.[39]

Op 30 Desember 1938 berig die **Rand Daily Mail** dat die komende tussenverkiesing in Pretoria-Stad, wat as gevolg van die dood van mnr. AE Campbell op 22 Februarie 1939 sou plaasvind, 'n kwaai stryd sou wees as gevolg van die naamsverandering. Volgens die berig het die Dominium Party aangedui dat hy die naamsverandering sou gebruik en dat hulle die meerderheid van die Engelssprekendes se stemme in die kiesafdeling daardeur sou verenig. Voorts meld die berig dat verantwoordelike VP-Engelssprekendes daarop wys dat 'n bevredigende oplossing lank voor die verkiesing verkry sou word, maar dat dit nie geïgnoreer kon word dat 'n groot deel van die Engelssprekendes verontwaardig was nie en voortdurend protes by Pirow aangeteken het, byvoorbeeld die Caledonian Protest, 'n afvaardiging van die Skotse gemeenskap in Pretoria.[40] Op 4 Januarie 1939 meld **Die Burger** met betrekking tot die tussenverkiesing in Pretoria-Stad: "Uit gesprekke in politieke kringe wil dit voorkom dat die Verenigde Party heelwat moeilikheid ondervind wat betref die aanwysing van 'n kandidaat vir Pretoria-Stad. Die Engelssprekendes wil dat die verandering van die naam Robertshoogte na Voortrekkerhoogte in die verkiesingstryd gesleep word, aangesien hulle van hierdie geleentheid gebruik wil maak om hul misnoeë oor die verandering te kenne te gee."[41]

---

37 **Ibid**., pp. 425-6, brief van "John Citizen" (skuilnaam) aan Kemp, 8 Januarie 1939.
38 **Die Transvaler**, 22 Desember 1938; **The Star**, 21 Desember 1938.
39 **Diamond Fields Advertiser**, 23 Desember 1938.
40 **Rand Daily Mail**, 30 Desember 1938. Mnr Campbell, die VP-LV, is op 18 Mei 1938 oorlede.
41 **Die Burger**, 4 Januarie 1939 en 6 Januarie 1939.

**Die Transvaler** en **Die Burger** het duidelik onmin gestook in regeringskringe. **Die Transvaler** berig op 7 Januarie 1939 dat dit skyn asof alles nie meer pluis is met die saak van die naamsverandering nie. Volgens die berig het die regering alles goed bedoel tydens die eeufeesvieringe, maar nie die teenstand van die Engelssprekendes in die geledere van die VP voorsien nie. Hierdie teenreaksie het, volgens die berig, die regering laat skrik en daarby die uitslag van die tussenverkiesing in Pretoria-Stad in die weegskaal geplaas. Dit het tot gevolg gehad dat Pirow skielik te kenne gegee het, dat wat die naamsverandering betref, die saak nog swewende was, aangesien daar nog nooit 'n "amptelike aankondiging was nie en dat daar in amptelike stukke nog Robertshoogte staan".[42] Volgens die berig het die volk nou helderheid geëis oor die saak - die Afrikanervolk sou nie toelaat dat die naamsverandering teruggetrek word nie. Op 10 Januarie 1939 berig die **Rand Daily Mail** dat Pirow en Kemp op 11 Januarie 1939, tydens die vergadering van die Transvaalse koukus van die Verenigde Party, versoek sou word om die stilswye oor die naamsverandering te verbreek. Die berig meld dat sommige VP-Volksraads- en Provinsiale Raadslede, wat klagtes ontvang het, gevrees het dat indien Kemp nie sy besluit sou herroep of wysig nie, dit moeilikheid in die Pretoria-Stad-tussenverkiesing kon veroorsaak. Dit kon daartoe lei dat die VP die setel verloor. Een voorstel aan die ministers sou wees dat die benaming Voortrekkerhoogte gegee word aan die koppie waarop die Monument opgerig word en dat Robertshoogte behou moes word vir die Verdedigingshoofkwartier.[43]

Sekere koukuslede sou, volgens die berig, selfs verder gaan en 'n direkte versoek aan Kemp rig om hierdie oplossing te aanvaar, want hy is direk verantwoordelik gehou vir die naamsverandering, aangesien hy dit aangekondig het terwyl hy waargeneem het in die Verdedigingsportefeulje. In die Afrikaanse pers het die vraag ontstaan of die Minister van Verdediging sou swig voor die druk van "patriotic societies". Die berig het gemeld dat die regering nog nie tot 'n finale besluit gekom het nie, "dus dat nog nie besluit is of hy van die Kemp-aankondiging sou weghardloop nie".[44]

Smuts het op Standerton in 'n toespraak verwys na die verskil oor die naamgewing van Voortrekkerhoogte en te kenne gegee dat hulle op pad was na 'n oplossing wat almal tevrede sou stel. Die minister het dit treurig gevind dat die emosies tydens die eeufeesvieringe gebruik is vir partyvoordeel.[45] Hy het Kemp aangeval omdat hy die regering in die verknorsing laat beland het deur sy swak beoordeelde en ongeregverdigde optrede in die voorgestelde naamsverandering. Volgens Smuts

42 **Die Transvaler**, 7 Januarie 1939.
43 **Rand Daily Mail**, 10 Januarie 1939; **Die Transvaler**, 11 Januarie 1939.
44 **Die Burger**, 13 Januarie 1939.
45 **Ibid**.

was dit 'n vrye vertolking van sy ministeriële magte, maar wat ongelukkig deur die grootste deel van sy kabinetskollegas gedeel is. Hy het gesê 'n mens moes leer om te gee en te neem in Suid-Afrika, maar as die gee net van die een kant was, het dit irriterend geword.[46] Hierdie uitspraak van Smuts was weer 'n bewys van die onverdraagsaamheid wat daar tussen hom en Kemp bestaan het.

Op 16 Januarie 1939 het samesprekings tussen Hertzog en verteenwoordigers van die "patriotic societies" plaasgevind in 'n poging om 'n oplossing vir die naamsverandering te vind. Die **Rand Daily Mail** het berig dat Smuts genader sou word vir bystand tydens die onderhandelinge. Die berig het melding gemaak van 'n groeiende onrus onder die Engelssprekende deel van die VP en dat selfs baie Afrikaanssprekendes in die party gevoel het dat die naamsverandering 'n politieke flater was. Die berig het ook verwys na 'n vyfde VP-kandidaat wat te voorskyn gekom het vir die Pretoria-Stad-tussenverkiesing, naamlik mnr. JM van H Brink, die Lid van die Uitvoerende Komitee, en het die mening uitgespreek dat die regering so gou as moontlik 'n besluit moes neem oor die naamsverandering.[47]

Tydens die opening van die Kaapprovinsie se VP-kongres in Januarie 1939 te De Aar, het Smuts gesê dat hoewel die naamsverandering 'n fout was, hy 'n beroep doen op mense om nie oorsensitief te wees nie, aangesien dit nie die bedoeling was om enigeen se gevoelens seer te maak nie.[48] Hierdie opmerking van Smuts was 'n weerspreking van sy toespraak 'n week vroeër op Standerton, waar hy beweer het dat die naamsverandering die regering in die verknorsing laat beland het.

Op 21 Januarie 1939 het Hertzog aan WB Clapham, in antwoord op laasgenoemde se brief aan hom op 18 Januarie 1939, geskrywe dat met betrekking tot Robertshoogte hy twee sake wou uitwys. Eerstens was dit geensins die bedoeling om met die naamsverandering lord Roberts se naam uit te wis nie, en tweedens was die benaming Robertshoogte sedert 1914 uit voeling met die gevoelens van 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes. Hoewel dit nie die hoofrede vir die naamsverandering was nie, sou die nuwe name dit makliker maak vir die Departement van Verdediging om jong manne vir diensplig te trek.[49]

Die Afrikanerpers het ook teruggekap en op 23 Januarie 1939 het **Die Burger**, onder die opskrif "Uitlander-gesindheid in Suid-Afrika", berig dat die verontwaardigde optrede van die "patriotic societies" op 16 Januarie 1939 getoon het dat daar nog baie mense in die land was wat nie ryp was vir samewerking met die

46 Hertzog-versameling, band 107; **Rand Daily Mail**, 14 Januarie 1939.
47 **Rand Daily Mail**, 16 Januarie 1939; **The Star**, 16 Januarie 1939; **Die Burger**, 17 Januarie 1939.
48 **Rand Daily Mail**, 18 Januarie 1939.
49 **Ibid.**, brief van genl. Hertzog aan WB Clapham, 21 Januarie 1939.

Afrikanerdom nie. Verder is die hoop uitgespreek dat die voorval sou dien om die oë van die hele Afrikanerdom oop te maak, sodat daar helder gesien kon word in watter mate vreemde elemente vyandig staan teenoor die eerbiediging van die gevoelens van diegene wat Suid-Afrika as hul enigste vaderland beskou.[50]

Die gesloerdery van die regering om tot 'n finale besluit te kom, het tot gevolg gehad dat daar mense was wat die VP verlaat het. So skryf mnr. AJS Roos, voorsitter van die Nasionale Partytak Setland, Diamantdoorns, Pk. Albertshoek, aan **Die Transvaler** dat nege VP-lede van die tak Makouskop, kiesafdeling Delarey, besluit het om die VP vaarwel toe te roep en dat almal by die Nasionale Party (NP) aangesluit het. Volgens die skrywer was die onmiddellike rede vir die persone se bedanking, "dat daar nie akkoord gehou is met genl. Kemp se belofte in verband met Robertshoogte nie, en ten tweede dat die volk met dreigement gedwing word om by die regering te bly".[51] So ook het NJ van der Merwe in die Volksraad verwys na die geesdrif waarmee die naamsverandering begroet is en die opruiery wat 'n rukkie daarna teen die naamsverandering na vore getree het. Hy het verwys na 'n berig in **Die Vaderland** wat gemeld het dat die regering geen wysiging of verandering beoog het nie, maar dat Smuts later gesê het dat hulle besig was om 'n kompromie te tref. Volgens Van der Merwe was die "belaglike kompromis nie alleen ongewens nie, maar 'n misleiding van die mense wat die Minister toegejuig het by die aankondiging van die verandering".[52]

Tydens die Volksraadsdebat op 22 Februarie 1939 oor die naamsverandering na Voortrekkerhoogte, het Kemp die NP berispe omdat hulle volgens hom 'n politieke speelbal van die saak rondom die naamsverandering wou maak. Hy het gemeen dat dit 'n departementele saak was, "maar hier kom die jaloesie weer te voorskyn omdat die Opposisie en kultuurverenigings nooit daaraan gedink het nie, maar omdat 'n eenvoudige boer dit op sy kerfstok het".[53] Volgens hom het die Engelssprekendes hulle soos sportmanne by die optrede neergelê en was daar nooit by hulle 'n rondspringery nie. Hy het gesê dat hy nooit die reg gehad het om die naam van die poskantoor te verander nie. Hy was bly dat die Engelssprekendes hulle daarby berus het en dat dit gedoen is tot opbou van 'n Suid-Afrikaanse volk.[54] Kemp tree hier versoenend op teenoor die Engelssprekendes. Dit is asof hy hierdeur 'n hand van vriendskap tot hulle wou reik na sy drastiese optrede om die naam van Robertshoogte te verander.

---

50 **Die Burger**, 23 Januarie 1939.
51 **Ibid**; **Die Transvaler**, 23 Februarie 1939, brief van AJS Roos.
52 **Die Transvaler**, 23 Februarie 1939; **Debatte van die Volksraad**, 22 Februarie 1939, kolom 706; NJ van der Merwe was die NP-lid vir die Volksraad vir Winburg.
53 **Debatte van die Volksraad**, 22 Februarie 1939, kolom 706.
54 **Ibid**.

Min. FC Sturrock, Minister sonder Portefeulje, het tydens 'n openbare vergadering in Pretoria ter ondersteuning van die kandidatuur van adv. Adolf Davis van die VP in die tussenverkiesing in Pretoria-Stad, in sy toespraak verwys na die naamsverandering. Hy het gesê: "Deur Samesmelting is mense met so 'n verskillende agtergrond as genl. Kemp en ek verenig. Dit is onvermydelik dat genl. Kemp as gevolg van ons verskillende agtergrond dinge sal sê waarvan ek nie hou nie en dat ek menings sal uitspreek waarmee hy dit nie eens is nie. Die vernoeming van Robertshoogte is 'n voorbeeld daarvan. Genl. Kemp se optrede was na my mening 'n onnodige fout, maar ek is daarvan oortuig dat dit te goedertrou gedoen is."[55] Davis is op 9 Maart 1939 verkies tot Volksraadlid.[56]

In Februarie 1939 berig **The Cape Times** dat die amptelike kompromis oor die naamsverandering van Robertshoogte deur die Eerste Minister se kantoor in Pretoria uitgereik is. Volgens die berig het dit twee sake behels wat as 'n skok vir die Engelssprekende gemeenskap in Pretoria gekom het. Eerstens sou die spoorwegstasie nie uitgesonder word om sy oorspronklike naam te behou nie, en tweedens sou die versoek van die "patriotic societies" dat die hoofstraat deur die gebied na lord Roberts vernoem moes word, geïgnoreer word. Volgens 'n verklaring het die Minister van Verdediging die optrede van Kemp onderskryf en gemeld dat die uitspraak berus het op die uitkoms van voorleggings deur senior offisiere van die Verdedigingsdepartement. Hulle was van mening dat die militêre eenheid gretig was om eer te bewys aan die Voortrekkers en dat die naam Robertshoogte behou sou word deur die Departement van Pos, Telegraafwese en Telefone en die Uitsaaikorporasie.[57] Hierdie verandering is in die regeringskennisgewing nr. 705, gedateer 26 Mei 1939, bevestig.[58]

Dit wat die Opposisie voor die 1924-verkiesing gevrees het, toe daar bespiegel is dat indien Kemp Minister van Verdediging sou word, hy "stormend" sou optree, is in 'n mate verwesenlik. Kemp word die geleentheid gegun om in afwesigheid van Pirow in die portefeulje waar te neem - sy gunsteling-portefeulje - en dadelik voer hy weer die stryd. Sonder vooraf raadpleging of kommunikasie met sy partystrukture neem hy, op aandrang van enkele hooggeplaaste weermagoffisiere, 'n radikale besluit - 'n besluit wat politieke "plofstof" bevat het. Die posisie tussen Duitsland en Engeland in Europa was reeds gespanne en in Suid-Afrika was die vraagstuk van Suid-Afrika se deelname aan 'n stryd sluimerend en gespanne onder die verskillende taalgroepe. Kemp se "tjaarts"-karakter, sonder inagneming van die gevolge ("damning the consequences") neem oor en hy verander op kort

55 **Die Burger**, 22 Februarie 1939.
56 Coetzer en Le Roux, p. 342.
57 Hertzog-versameling, band 107, ongepagineerde berig **Cape Times**.
58 Lambrecht, p. 111.

kennisgewing Robertshoogte se naam. Die gevolge en kritiek was verreikend, maar Kemp het vas bly staan, getrou aan sy onstuitbare karakter. Wanneer hy ten gunste van 'n saak was, het hy dit onverpoosd deurgevoer. Dit is die kenmerk van 'n politieke leier.

Pieter Kapp skrywe in Desember 1967: "Die stryd in Bloemfontein was klein in vergelyking met wat gebeur het nadat Kemp as waarnemende Minister van Verdediging tydens die Eeufees te Pretoria aangekondig het dat die Robertshoogte na Voortrekkerhoogte verander gaan word. 'n Storm het in die Engelse pers losgebars en later so heftig geword dat genl. Hertzog as premier 'n poging moes aanwend om gemoedere te kalmeer, met 'n verklaring dat albei name onder sekere omstandighede gebruik sal word. Die feit dat die naam Voortrekkerhoogte sy opponent heeltemal verdryf het, bewys watter sterker aanklank daardie naam gevind het."[59]

[59] P Kapp, "Die Voortrekkereeufees van 1938 - II: Die verlede spreek", **Die Taalgenoot**, Desember 1967, p. 7.